

verleidelike Valentyn

Dis die tyd van die jaar vir rooi harte, sjokolade en alles wat liefde beteken. Verras die man in jou lewe met 'n satynslaapbroek. Saamgestel deur Retha Krieg

BENODIGDHEDE

Vir patroon: Bruinpapier of koerantpapier; kokipen en liniaal. Broek: 90 cm satyn, ka-
toen of materiaal van keuse (115 cm of 150
cm wyd); bypassende gare; 85 cm lint
(opsioneel), +/- 3 cm wyd; rek, 2,5 cm wyd en
lank genoeg om om sy middel te pas.

AFKORTINGS

VK- verkeerde kant; RK-regtekant; VP-voor-
pant; AP-agterpant.

MATE

Die patroon op die diagram is 'n standaard-
grootte nommer 36 vir mans en naattoelat-
ings van 1,5 cm is klaar bygevoeg.

OM DIE PATROON GROTER TE MAAK

1. Synate - Voeg onder by soom 5 mm en aan bokant 10 mm vir elke grootte by. Verbind die twee punte in 'n reguit lyn.
2. Binnebeen - Sny 5 mm vir elke groter grootte aan.
3. Middel - Sny 6 mm aan vir elke groter grootte.
4. Kruisnaat - Voeg 2 mm by AP by elke groter grootte en 4 mm by die voorpant. (Dié mates word by die middellyn bygevoeg. Trek 'n reguit lyn, ewewydig aan die oorspronklike lyn, tot waar daardie lyn begin buig. Trek vandaar, met die vry hand, 'n kromming wat in die oorspronklike no. 36-maat se lyn doodloop. (By die mates kleiner as no. 36 word die kromming 2 mm onder die oorspronklike lyn gesak.)
5. Band - Maak 20 mm groter vir elke groter grootte.

- Om die patroon kleiner te maak: Gaan net soos groter nommers te werk, maar neem elke keer die hoeveelheid weg. Let veral op na aanwysings om kruisnaat te verander.

AANWYSINGS OM PATROON TE MAAK

1. Plak twee dubbelvelle koerantblaaië aan mekaar vas. Trek met kokipen blokke van 10 x 10 cm.
2. Trek nou patroon volgens diagram oor op selfgemaakte patroonpapier. Elke blokkie op diagram stel 'n 10 x 10 cm-blokkie voor.

SLAAPBROEKE

1. Knip die patroonpante uit. Vou materiaal dubbel in die lengte. Lê uit soos op diagram en knip uit.
2. Plaas een VP en AP opmekaar, RKe teen mekaar, stik kruisnate, synate en binnebeennate vas, pars en kap om. Indien verkies, kan 2 kort spleetjies onderaan die synate gemaak word.
3. Stik die 2 pante van die middelband met die RK opmekaar, se twee smal kante vas, pars die nate oop en vou dubbel. Speld band aan broek vas met RK teenmekaar, ryg en stik vas. (Laat 'n opening van 5 cm op middelagter)
4. Ryg rek in en stik die punte aan mekaar vas. Stik opening toe en kap om.
5. Kap broekspye om, stik 1 cm-soompie in en pars.

foto's Peter Whitfield

